

Gereformeerde Kerk Bellville – 13 Maart 2016 – Oggend

Sing vooraf staande: Psalm 119:12, 13 (p. 589)

- 12 Wend my oog van wat tog niks is, / maak my lewend in u weg;
u belofte^oaan al u dienaars – / maak dit waarheid aan u kneg!
Laat geen smaad my ooit oorval nie, / stort weer lewe^oin my gemoed
uit u woord wat reg en waar is, / en 'n bron van alle goed.
- 13 Wees my goed na u belofte, / dat ek smaders tot hul spyt
reg kan antwoord op hul smading / wat my Godsvrees my verwyf.
Neem u woord nie uit my mond nie, / waar my hoop op is gebou.
Dan getuig ek van u waarheid / wat ek graag wil onderhou.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE
wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe
Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit
die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

Amen.

Loflied: Psalm 135:1, 2 (p. 655)

- 1 Prys die Naam van onse HEER! / Hef tesaam die lofsang aan!
Loof sy goedheid, gee Hom eer, / al wie in sy voorhof staan!
Loof Hom by die heugenis / van sy Naam wat lieflik is.
- 2 Loof die HEER se goedheid luid, / al wie in sy voorhof kom!
Want Hy kies vir Jakob uit, / Is'rel tot sy eiendom.
Bo al wat die mens vereer – / groot, dit weet ek, is die HEER.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 24:2, 3 (p. 111)

- 2 Wie sal die Godsberg op kan gaan, / en wie sal op sy top kan staan,
omskitter deur Gods heilighede? / Die man wat rein van hart en weg,
sy siel aan nietigheid nie heg, / en trou is aan sy woord en ede.
- 3 Geregtigheid daal op hom neer; / 'n seën verkry hy van die HEER,
wat stil Hom volg op al sy skrede. / Dit is die ware Israel,
die volk wat vra na Gods bestel, / en wat Hom soek in hul gebede.

Gebed

Psalm 128:1, 2 (p. 627)

- 1 Wie deur Gods vrees bewoë, / trou op die weg wil gaan,
waar hom Gods wil voor oë / en klaar getekend staan
die arbeid van sy hande / sal hy met vreug geniet
wanneer die koringlande / met seen hul opbrings bied.
- 2 Soos ons met welgevalle / die wingerdstok aanskou,
en tel die trossetalle / wat ons die blare^oontvou
so sal sy in jou lewe, / die huisvrou van jou jeug,
aan jou die volheid gewee / van huiselike vreug.

Skriflesing: Hebreërs 12:25-13:6

Kernverse: Hebreërs 13:4

**Laat die huwelik in alle opsigte eerbaar wees en die bed onbesmet;
want God sal hoereerders en egbrekers oordeel.**

(Hebreërs 13:4 AFR53)

Tema: Huwelike, verhoudings en die kerk van die Here

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, net eers twee opmerkings. Die eerste opmerking is oor preekreekse uit 'n boek of 'n hoofstuk. Wanneer 'n mens 'n reeks preke maak, dwing die Heilige Gees die prediker om ook die moeiliker onderwerpe in prediking aan te spreek. Baie maal is dit onderwerpe wat ons normaalweg sou wou oorslaan of ten minste nie in prediking hanteer nie.

Die tweede opmerking het te doen met die hoofsaak in ons kernvers vanoggend – huwelik en geslagsgemeenskap. In die gemeente is daar lidmate wat nog nie getroud is nie en nog nooit getroud was nie, maar dit beteken nie dat hierdie verkondiging nie ook vir hulle bedoel is nie. Die meeste wat tans ongetroud is, sal heel waarskynlik die een of ander tyd trou. Daarom is dit nodig dat hulle saam met getroudes hoor wat huwelike en verhoudings met die kerk van die Here te doen het. Diegene wat nog nooit getroud was nie en seker ook nooit sal trou nie, kan ook luister sodat hulle instrumente in die hand van die Here kan wees op 'n soortgelyke wyse as wat Paulus ook 'n instrument was terwyl hy ook nie getroud was nie.

Broers, susters en kinders, die samelewing se siening oor die huwelik het in die afgelope klompie dekades drasties verander. Huwelike word nie meer so hoog geëer soos wat dit veertig of vyftig jaar gelede gedoen is nie. Die egskeidingsyfer het ten hemele opgeskiet. Baie mense, nie net jongmense nie, dink dit is nie meer nodig om te trou nie. Saambly is goed genoeg. Die gevolge van hierdie misvattinge oor die huwelik neem ernstige afmetings aan in die hele samelewing. Baie van die dinge wat gelowiges ongemaklik maak in die wêreld – die gebrek aan respek, gebrek aan gehoorsaamheid en 'n algemene wanordelikheid – kan op die een of ander manier teruggevoer word na stukkende huise. Christene het nie onaangeraak en ongeskonde gebly nie. Christene leef tog midde in hierdie samelewing. Daarom sal die samelewing se siening en optrede 'n invloed op Christene en die kerk hê.

Wat ons tans oor huwelike en verhoudings sien gebeur, is egter nie iets nuuts nie. Dit is dinge wat al vir eeue lank met die mensdom saamkom. Wat egter nuut is, is dit wat die Heilige Gees ons in die Woord aangaande huwelike en verhoudings leer. Wat die Here oor die huwelik en verhoudings leer, is totaal teen dit wat die samelewing van alle tye voorstaan. Dat 'n seksuele verhouding beperk is tot 'n huwelik tussen een man en een vrou, was nie populêr in die tyd van die Ou en Nuwe Testament nie, en dit is vandag nog steeds nie populêr nie.

Die woord wat ons met *eerbaar* vertaal, kan ook vertaal word met *kosbaar* of *waardevol*. Petrus gebruik hierdie selfde woord wanneer hy skryf van die *kosbare* bloed van Christus en die *kosbare* beloftes van God (1 Pet 1:19; 2 Pet 1:4). Die huwelik is kosbaar en baie waardevol, aangesien God dit ingestel het en dit nog voordat die sondeval plaasgevind het. Wat 'n voorreg het ons dan nie om nou nog hierdie geskenk te hê wat uit God se hand ons toekom – wat al vir die mens bedoel is van voor die sondeval af. God wou nie hê dat die mens alleen moet wees nie, want dit was nie goed nie. Die mens moet in gemeenskap met 'n ander mens lewe.

Ons Drie-enige God ag self die huwelik hoog en eerbaar. Die Vader het immers die huwelik ingestel en Hy lei vandag nog elke man en elke vrou na mekaar toe. Die Seun van God eer ook die huwelik hoog. Hy was teenwoordig op die bruilof in Kana waar Hy ook sy eerste wonder gedoen het. En wanneer Hy die geestelike leiers konfronteer oor hulle losse siening oor egskeiding bevestig Hy weer wat sy Vader se oorspronklike bedoeling met die huwelik was. Die Heilige Gees eer ook die huwelik hoog, daarom het Hy vir Paulus en die skrywer van hierdie boek gelei om God se voorskrifte oor die huwelik en verhoudings neer te skryf vir die kerk van alle eeue.

Die huwelik wat God ingestel het, is ook 'n lewenslange verbond tussen een man en een vrou. Toe die Here 'n vrou geskep het wat by Adam pas, het Hy net een vrou geskep en nie baie nie. Tog lees ons in die Bybel van poligamie en nêrens lees ons dat die Here dit veroordeel nie. Die feit dat die Here dit nie veroordeel nie, beteken ook nie dat Hy dit goedgekeur het nie. Telkens wanneer daar van die huwelik in die Nuwe Testament gepraat word, word daar teruggegaan na die eerste huwelik wat God ingestel het – 'n verbond tussen een man en een vrou. Buitendien sien ons in elkeen van daardie poligame huwelike die onmin en twis wat geheers het in daardie huwelike.

Die Fariseërs het Jesus by geleentheid uitgevra oor egskeiding. God verdra egskeidings oor die hardheid van die mens se hart, maar Hy keur dit geensins goed nie. Inteendeel, Hy sê baie duidelik dat Hy dit haat (Mal 2:16), want Hy het die huwelik ingestel as 'n lewenslange verbond tussen een man en een vrou. En wat die hedendaagse neiging betref dat homoseksueles ook sogenaamd kan trou – daarvoor is daar in die Bybel geen regverdiging nie. Trouens, die Here veroordeel homoseksualiteit as 'n sonde teen Hom in die Ou sowel as in die Nuwe Testament.

Ons Drie-enige God eer die huwelik wat Hy ingestel het, daarom moet die mense wat aan Hom behoort dieselfde doen. Ons word aangesê om die huwelik in alle opsigte eerbaar te hou en die bed onbesmet. Die woord wat met *bed* vertaal is verwys na die seksuele verhouding tussen die man en vrou in die huwelik. Aangesien hierdie opdrag aan gelowiges gegee word, beteken dit mos dat daar dinge is wat maak dat die huwelik in oneer kom tussen gelowiges.

Gelowiges hou die huwelik nie eerbaar wanneer hulle, of een van hulle, in die huwelik algehele onthouding van 'n seksuele verhouding beskou as meer heilig. Ons moet maar weet dat die duiwel 'n slinkse kalant is. As hy gelowiges nie tot die uiterste van losbandige seksuele verhoudings kan verlei nie, sal hy probeer om hulle na die ander uiterste te dryf – dit is om geen seksuele verhouding in die huwelik te hê nie.

Om selibaat te lewe – dit wil sê, sonder enige seksuele aangetrokkenheid tot die teenoorgestelde geslag – is 'n gawe wat God nie aan almal gee nie. Paulus het hierdie gawe ontvang, maar erken dat die Here dit nie aan almal gee nie (1 Kor 7). Dit is ook nie iets wat op mense afgedwing moet word, soos dit in die Roomse Kerk gebeur nie. Diegene wat ongetroud is, moet bid dat die Gees hierdie gawe aan hulle sal gee vir solank as wat hulle ongetroud sal wees. Maar in die huwelik is 'n seksuele verhouding tussen die man en sy vrou geoorloof, daarom moet man en vrou nie aan mekaar onttrek nie, behalwe met wedersydse ooreenstemming vir 'n tyd lank om hulle aan gebed en toewyding aan die Here te wy (1 Kor 7:5). Die Here het immers die man en vrou geskep met anders lykende liggame en hulle geseën om vrugbaar te wees, een te word en kinders in die wêreld te bring.

Gelowiges onteer die huwelik wanneer hulle saam met die wêreld begin sê dat

sogenaamde homoseksuele huwelike geoorloof is. Die Here het die huwelik ingestel as 'n verbond tussen 'n man en 'n vrou. Die mens kan en mag nie self besluit dat verhoudings tussen dieselfde geslag ook nou die naam huwelik kan dra en selfs die seën van die Here daarop verwag nie. Sulke selfdegeslag-verhoudings is in die oë van die Here 'n gruwel en daarom mag die kerk dit goedpraat nie. Omdat die Here homoseksuele dade en leefstyl veroordeel, moet gelowiges mense wat in daardie soort leefwyse betrokke is in liefde vermaan en reghelp. Ons kan nie maar gelate toekyk hoe mense op die ewige verderf afstuur as hulle hulle nie gaan bekeer nie.

Nog 'n manier waarop gelowiges die huwelik onteer, is wanneer hulle net so ligtelik oor egskeidings begin redeneer soos die samelewing. Ons weet daar is al baie Christene wat oor 'n geldige rede die hartseer van egskeiding beleef het en 'n mens wil nie hulle ellende verswaar nie. Maar as Christene wat Jesus Christus navolg, kan ons nie anders nie as om te sê dat egskeiding nie die wil van God is nie. Daarom moet gelowiges alles in die stryd werp om 'n huwelik te red. Ons moet aanhou bid dat die Heilige Gees mense wat spanning in hulle huwelike beleef sal regeer en wysheid skenk. Dink net aan die eer en die heerlijkheid wat die Here sal ontvang indien getroudes deur moeilike tye kan werk en in die verbond bly wat hulle voor God met mekaar gesluit het.

Nog 'n manier waarop Christene nie die huwelik in alle opsigte eerbaar hou nie is wanneer hulle so verlief raak op die persoon van die ander geslag dat hulle glad nie eers daaraan dink of vra of die persoon in 'n lewende verhouding met die Here leef nie. Dié van julle wat nog nie getroud is nie, moet nou veral mooi luister. Moenie met 'n ongelowige trou nie. Dit is vir die Here 'n ontheiliging van sy verhouding met jou (Mal 2:11). 'n Ongelowige en 'n gelowige kan nie saam in dieselfde juk trek nie. Julle oogmerke in die lewe is verskillend. As gelowige wil jy die geloofswedloop waarin Christus jou geplaas het toe Hy jou verlos het voltooi. Die ongelowige is nie in hierdie wedloop nie en hy het ook nie belowe om die Here lief te hê nie.

En indien 'n gelowige nou klaar die fout gemaak het om met 'n ongelowige te trou, wat nou? Die Here sê dat julle getroud moet bly. As gelowige moet jy nie skei nie. Bid dan aanhoudend vir jou huweliksmaat en smek dat die Heilige Gees jou besonder sal versterk in die geloof sodat jou huweliksmaat jou nie van die Here af wegtrek nie.

'n Laaste manier waarop gelowiges die huwelik onteer en die huweliksbed besmet, is wanneer hulle seksueel losbandig lewe. In die tweede deel van ons kernvers praat die Here met ongetroudes en getroudes. Egbrekers is getroudes wat seksuele verhoudings met iemand anders het met wie hulle nie getroud is nie. En hoereerders is ongetroudes wat seksuele verhoudings het met iemand anders. 'n Seksuele verhouding is uitsluitlik vir die huwelik tussen een man en een vrou bedoel omdat God dit so ingestel het. Dit is slegs binne die verbond van die huwelik tussen man en vrou waar veilige seks beoefen kan word.

Ons wil egter nou daarby uitkom om te hoor hoe Christene die huwelik eerbaar sal hou. Natuurlik sal Christene die huwelik eerbaar hou en die huweliksbed onbesmet wanneer hulle nie dink dit is meer heilig om selibaat te leef as om 'n seksuele verhouding in die huwelik te hê nie. Christene eer die huwelik hoog wanneer hulle nie by die samelewing se siening oor homoseksuele verhoudings en egskeidings inval nie. As ongetroude gelowige sal jy die huwelik van groot waarde ag as jy 'n huweliksmaat soek wat saam met jou die Here dien. Ons eer ook die huwelik hoog wanneer ons ons nie in allerhande seksuele verhoudings laat insleep nie.

Ons kan egter nie net met God se hoë standarde vir die huwelik en seksuele verhoudings

saamstem nie. Ons moet vir onself 'n strategie uitwerk en oefen om aan die hoë standaard te voldoen. Om standvastig in die geloof te bly staan en getrou aan die Here te bly wanneer daar versoekings op 'n mens se pad kom, moet 'n mens besluite neem voordat die versoekings kom. Ons kan nie maar aanneem dat ons die versoekings sal kan weerstaan omdat ons in die Here glo nie. Niemand is op sy eie sterk genoeg nie.

Dit is die duiwel en ons eie sondige geaardheid wat 'n wig in ons verhoudings wil indring. Daarom is dit uiters noodsaaklik om 'n hegte en intieme verhouding met die Here te onderhou. Leef daagliks naby die Here wat die huwelik ingestel het, en as jy getroud is, leef in 'n baie hegte verhouding met jou huweliksmaat. Gelowiges moet van hulle kant af nie die geringste gaping gee tussen hulle en die Here of tussen hulle en hulle huweliksmaat nie. Dit is wanneer daar verwydering kom dat Christene al meer weerloos word vir die verleidings.

Die eerste plek waar ons die sonde moet bestry, is in ons gedagtes. Ander mense kan nie sien wat in ons gedagtes aangaan nie en daarom dink ons baie maal ons is feitlik nog onskuldig aan seksuele sondes. Die Here Jesus leer ons egter anders. Wanneer ons nog maar net met wellus na iemand anders gekyk en allerhande dinge aangaande daardie mens begeer het, het ons in sy oë reeds die sonde gedoen. Daarom is ons gedagtes die beste plek om daardie sonde al dood te maak en te veroordeel.

Bid dat die Heilige Gees jou gedagtes op Christus sal rig in wie Christene se lewe geborge is. Die Heilige Gees gebruik juis die Skrif om ons gedagtes op Christus te rig. Daarom is Bybelstudie vir elkeen van ons so noodsaaklik. En dan moet ons ook nie net Bybel lees en bestudeer om te sê ons het dit gedoen nie. Ons moet luister wat die Here ons leer en ook toepas wat die Here ons leer.

Ons getroudes moet onthou dat ons verhouding met ons huweliksmaat nie iets is wat outomaties goed sal verloop net omdat ons voor die Here die belofte afgelê het nie. Ons het steeds werk in hierdie verhouding. Daarom moet getroudes aan 'n gesonde huwelikslewe bou sodat die wêreld kan sien hoe die verhouding tussen Christus en sy kerk lyk. En daarby is ons getroudes ook voorbeeld en opvoeders van ons kinders as toekomstige huweliks-maats. Hou die huwelik eerbaar deur goeie toekomstige eggenote en eggenotes groot te maak sodat hulle ook die huwelik eerbaar kan hou.

Soos oor alle ander sondes is die Here oor sondes op seksuele gebied en sondes wat die huwelik ontteer baie ernstig. Ons hoor dit in ons kernvers ook dat God die hoereerders en egbrekers sal oordeel. Wanneer Christene op hierdie gebied oortree, word dit gewoonlik op die voorblaai van die koerante en tydskrifte gepubliseer, want dit is sensasie. Ons mense hou mos van sensasie. En as ons oor hierdie sondes so 'n sensasie maak, klink dit later asof dit die grootste sonde is wat 'n mens kan pleeg. Alle sondes is egter ewe erg – enige sonde verdien die ewige dood.

Maar onthou, nie een sonde in die huwelik of teen die huwelik of op seksuele gebied is so groot dat die Here dit nie kan vergewe nie. Hoor net die genade wat die Heilige Gees aan ons verkondig in 1 Korintiërs 6. Nadat Paulus 'n lys gemaak van sondes en gesê het dat mense wat sulke dinge doen nie in die koninkryk van God sal kom nie, voeg hy by:

En so was party van julle juis ook. Maar julle het julle sondes laat afwas, julle is geheilig, julle is vrygespreek in die Naam van die Here Jesus Christus en deur die Gees van ons God. (1 Korintiërs 6:11 AFR83)

Wie ook al sy sonde besef en sy toevlug tot die kruis van Christus neem en sy sondes bely, kan verseker wees dat God hom ook sal vergewe. En onder leiding van die Heilige

Gees sal hy aanhoudend teen die sonde kan bly stry.

Amen!

Gebed

Slotpsalm 32:1, 4 (p. 151)

- 1 Welsalig wie van skuld en straf onthewe, / die woord mag hoor: jou sondes is vergewe.
Want God wat groot is in barmhartigheid, / het hom vergewe en skeld die skuld hom kwyt.
Welsalig wie die HEER geen enkel stonde / toereken wil die boosheid van die sonde
en wie se gees, van alle valsheid vry, / voor God ootmoedig al die skuld bely.
- 4 U is dit, HEER, wat tot my hulp gereed is, / n skut en skerm in alle angs en leed is,
in nood my red, met jubels my omring, / en in my gees weer vreugde laat ontspring.
Maar nee, o God, u goedheid reik nog verder! / U sê: Ek wil jou oppas soos n herder,
en wil jou voet op veil'ge pad laat gaan, / waarop my oog jou altyd gadeslaan.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Katkisasieopening

Skrifberyming 5-3:1, 2 (8:1, 2)

- 1 Aan U, o Lam van God, n nuwe lofgesang! / Want U is waardig om die wonderboek te ontvang
en oop te breek – die boek van toekoms en verlede / en van wat word, geskrif van Gods
verborgenhede.
U's waardig, U alleen, omdat die werk volbrag is, / toe U as offer vir ons sondeskuld geslag is.
- 2 U 't van die hemel hoog op aarde neer wou daal, / en ons vir God gekoop uit alle volk en taal.
Die losprys was u bloed, wat U vir ons gestort het, / waardeur ons, rein gewas, n priestervolk geword
het
en konings in die ryk van onverstoorb're vrede, / om God te dien en eer in eind'lose ewighede.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
13 Maart 2016